STABILIS



Die liefde blom tydens Valentyns-musiekfees BL 9

**nuus**

Grey verwelkom nuwe personeel met knap vaardighede BL 2 & 3

**in this edition...**

Profile: where in the world is Marcus? P 4



**diepte**

Sosiale media nie so sosiaal BL 8

Shedding light on how to deal with the Eskom crisis P 4



Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG / VOLUME 49 · NO 1 · Maart / March 2015



**Niel Durow, een van die sleutelspelers in 'n suksesvolle eerstespan.** **Foto: Jacques Schreuder**

# Proe die sukses

## *T20-prestasie van 2014 word herhaal*

**FRANS-HENDRIK BADENHORST**

Die eerste krieketspan het hulle prestasie van 2014 herhaal deur weer as die wenner van die Knights-streek te kwalifiseer vir die nasionale finaal in Stellenbosch.

In die finaal het die eerstespan teen die ander vyf streekswenners deelgeneem. Na puik oorwinnings teen Hilton, Paarl Boys High en St Andrew's van Grahamstad, het hulle naelskraap verloor teen Menlopark en Potchefstroom Volkskool.

Teen Hilton het Wihan Victor die hoogste telling van die toernooi aangeteken, naamlik 114 van 51 balle.

Die talentvolle Grey eerstespan eindig uiteindelik 3de in hierdie mededingende kompetisie.

# Grey Goes Green for eco-awareness

**KEO MATSHELE**

It is a growing trend in the world to be eco-friendly and as Grey adapts to the times, it too is going green. There are a number of projects the school is implementing to be more environmentally friendly, most of which involve direct participation from the learners. The grade 12 English class, under the guidance of mr Dixie Dykman, has already begun their plant-a-tree project. Each learner purchased a tree, and planted it along the gravel between Eunice and Grey. Mr Dykman says, "Given the available space here, we should be able to plant at least 150 trees."

Another intended project is the vegetable garden which is to be planted behind Murray House by the grade 10 classes. The garden will be maintained by using organic waste materials from the school to form compost. The excess water from the hostel showers will form the irrigation system. Jandré Du Toit in grade 10 says, "We should bring equipment to plant the vegetables and we must be able to use waste materials to conserve our environment." The benefits of these projects, other than conserving the environment, are probable decreases in expenses to manage waste, money received from recycling and the preserving of the school terrain. Wyclef Vlitoor in grade 9 learner, says," There is a lot of space available in the school to start planting and creating something. This not only helps the environment but it draws a lot of positive attention because it will make the school look better."

A large part of the project, which will require the participation of the whole school, will be the recycling system. Bins will be placed on the school campus and will be used as recycle bins. Each bin will have an allocated waste material such as plastic, tin and glass. As environmental awareness increases around the world, the school is taking more steps to be as 'green' as possible. When asked about the importance of environmental conservation, Mr Dykman replied,"We only have one world; we have to look after it."



**Gideon Lourens with the produce.** **Photo: Supplied**

Power to the clev'a

Get the benefits of Prepaid and control your spend with uChoose. The newest way to top up.

vodacom.co.za/uchoose

Vodacom
Power to you

uChoose =

Contract + Prepaid benefits

## kortnuus

### Grey betree nou die bulmark met nuwe aanstelling

**JOHAN WILKEN**

Mnr Rudeé Barker, oud- leerling van die Hoërskool Fichardtpark en gewese Kovsie, is een van die nuutste toevoegings tot Grey Kollege se onderwyserskorps in 2015. Mnr Barker is aangestel as onderwyser in Ekonomie.

Mnr Barker voltooi sy B. Comm-graad in Finansiële Bestuur aan die Universiteit van Bloemfontein in 2013, waarna hy ook sy Nagraadse Onderwys Sertifikaat in 2014 behaal. Hy spandeer graag tyd op die plaas of pak 'n staproete aan, en hy lees graag wanneer hy tyd het.

In die klas poog hy om al die werk so deeglik as moontlik te doen, en aan die einde van 'n periode sal hy altyd tyd inruim om oor onderwerpe buite die kurrikulum te gesels. Leerders sal nie by hom huiswerk ontvang voor 'n toetsperiode nie, en senior presteerders kan af-en-toe verras word met 'n versnapering van die Tuckshop.

Mnr Barker se doelwitte vir die volgende vyf jaar is om homself te vestig as onderwyser. Hy meen dat "ouers dikwels nie besef watter negatiewe impak onrealistiese verwagtinge op hulle kinders het nie. Hy sou ouers aanbeveel om die leerder te help om sy eie doelwitte na te streef, as om hulle ouers se doelwitte te bereik.



Angelo Arendse goes back to the old school method of studying by candlelight. Photo: Johan Sonnekus

# Burn candle at both ends

*One of the interesting results of load-shedding in hostel*

**VALERIO CIRELLI**

Before load-shedding is applied, Eskom makes use of gas and hydro options or contracts large customers to reduce their demand. Once these measures have been exhausted and the demand still cannot be met, Eskom proceeds with load-shedding.

Eskom explains that load-shedding is an effective way to avoid a national blackout, which would have disastrous consequences for South Africa. It could take more than a week to restore power to the entire country. Eskom thus maintains that by rotating and shedding the load in a planned manner, the stability of the system is ensured.

Load-shedding has become part of every person's daily vocabulary. At best it causes inconvenience and at worst, it causes economic concerns. The real crisis, however, is that load-shedding isn't only affecting our access to electricity; it has become a feature in our basic education system. At Grey College, load-shedding has resulted in extra classes having to be cancelled.

Load-shedding may be determined by Eskom's chaotic schedules, but what we do to ensure academic success is entirely up to us.

Andrew Rockmann in grade 11 says when there is load-shedding, he works by candlelight but Matshego Mabuza, also in grade 11, prefers the more sophisticated use of a headlamp.

However, it appears that load-shedding is here to stay, so one should probably grin and bear it.

### Sandsteenprojek benodig steeds finansiële hulp van skenkers

**LUAN NEL**

Grey se geboue is nasionale gedenkwaardighede en is enige persoon met 'n tikkie Grey-bloed in sy are se trots. A.g.v. verwering is opgradering deur die beheerliggaam op 'n prioriteitslys geplaas.

Danksy die Jock Meiring-trust, is dit moontlik om hierdie kosbare erfenis vir ons nageslag te behou.

Die Sandsteenprojek beoog om die verweerde sandsteen van die Grey Kollege-hoofgebou, Brill-huis en Murray-huis te herstel. Opgradering aan Brill-huis is reeds voltooi.

Mnr Johan Volsteedt, aan die stuur van die Jock Meiring Trust, nooi oud-Greys, ouers en ondersteuners uit om betrokke te raak by die R4m projek. Persone of instansies wat donasies van R5000.00 of meer skenk, sal op 'n spesiale muur erkenning kry. Diegene wat betrokke raak, sal ook die opsie hê om die verweerde sandsteen te kan koop.

Restourasie van die stoele in die Reuniesaal sal ook prioriteit geniet. Dit sal R500 beloop om 'n enkele stoel te restoureer. Enige belangstellende wat 'n stoel borg se naam sal op 'n plaatjie op die stoel in die Reüniesaal verewig word.

Vir verdere inligting kan die Reüniekantoor geskakel word by 051 444 1724, of besoek gerus die webwerf by www.greycollege.com.

Raak vandag betrokke en verseker dat ons kosbare erfenis vorentoe behoue sal bly.

## Grey welcomes a good crop of new teachers to its brilliant gene pool

**IZAK ADENDORFF**

Mr Van Rooyen lived most of his childhood in Kroonstad. His family moved to Bloemfontein while he was in high school and he attended Sand du Plessis high school.

His favourite subject was woodwork and he excelled at it. He then went to go study at the University of the Free State for his B.Ed, B.Sec.Ed degrees.

He has taught for many years and for most of these, he also taught woodwork. He has taught at Louis Botha High School, at Group 4 Prison and at the UFS. After that he went into the private sector by starting his own woodwork factory. When this venture was fully sustainable, he decided to return to teaching.

He started at Grey in 2014 as Sesotho teacher for the junior classes. This year, Technology and Life Orientation have been added to his curriculum at Grey College.

In his free time, he enjoys restoring antique cars. He has already restored a 1959 White DeSoto Diplomat with a black roof; a 1967 baby-blue Mercedes Benz and a 1966 light blue Jaguar S-type. He particularly enjoys driving his own 1957 Red Plymouth Belvedere V8 with a white roof.

Mr Van Rooyen has been married for 10 years and has a daughter. He will never forget the day that he lost three of his fingers; all that he will say about it is that it was the "worst Valentine's Day ever!" Watching the stars from the peace of his farm tops it all.

Mr Van Rooyen loves teaching and in his own words,"You must have a fire in your heart for teaching."



Messrs Rudeé Barker and Christo van Rooyen exploring Grey's icons. Photo: Johan Sonnekus




## Ryk Neethling skenk Olimpiese goue medalje aan Grey

**IZAK ADENDORFF**

'n Wêreldrekord van 3.13 minute in die mans vryslagaflos was in 2004 in die geskiedenisboeke aangeteken. deur vier Suid-Afrikaners.

Die Suid-Afrikaanse swemspan 'n groot indruk op die res van die wêreld gemaak, en Ryk Neethling wat die finale lengte geswem het, het besluit om sy Olimpiese Goue Medalje terug te gee aan Grey.

Dit is 'n sy manier van dankie sê aan die institusie wat baie bygedra het tot die man wat hy vandag is. Ryk het sy medalje by 'n seremonie in Februarie teruggegee aan Grey nadat hy 'n woord met die Grey-manne gedeel het. "My grootste hoop is dat die medalje jong mense sal inspireer om te bereik wat vir hulle nie moontlik lyk nie" het Ryk gesê.

Vir Ryk is die medalje meer as net 'n waardevolle item; dit is 'n simbool van baie jare se determinasie, harde werk en opofferings.

Hy het besluit dat dit beter sal wees om die medalje vir almal te kan wys waar dit mense kan inspireer, as om dit iewers in n kluis weg te bêre.

"Dit is nie maklik om iets te laat gaan wat so 'n betekenisvolle hoofstuk in my lewe verteenwoordig het nie, maar in 'n sekere sin het die medalje vir my gewerk deur nuwe deure oop te maak en nuwe geleenthede te skep. Ek voel nou egter dat dit tyd raak dat die medalje om vir ander mense te werk deur hulle aan te moedigen te inspireer."

Mnr Scheepers, skoolhoof van Grey Kollege het gesê dat Ryk bekend is vir sy nederigheid asook sy toewyding tot die skool. "Die feit dat hy sy goue medalje - die enigste Olimpiese goue medalje wat deur 'n oud- Grey gewen is - aan die skool geskenk het is 'n bewys dat hy lojaal is, die skool respekteer en waarlik in murg en been 'n oud-Grey is.

# Die liefde is 'n lied en 'n roos

## *Al die tradisionele Valentynsdag-rituele sal nooit 'oud' word nie*

**EDUAN TRUTER**

Elke jaar is daar op Valentynsdag 'n fees van musiek in die Reüniesaal met die hoofdogters van Bloemfontein skole as gaste.

Oranje-, Eunice-, Sentraal-, Fichardtpark- en St. Michael's hoërskole was teenwoordig vir die geleentheid op 13 Februarie – toe glad nie 'n skrikwekkende dag nie.

Die verrigtinge is geopen deur hoofseun Dawid Snyman met 'n baie besonderse voorlesing en gebed. Daarna het Indomitus vier meisies uitgekies, hulle voor hulle op stoele laat sit en hulle met hul liefdesliedjies betower.

Die Grey-hoofseuns het ongekende hoogtes met dans en sang behaal en hulself gate uit geniet met *Achy Breaky Heart*. Oranje se Con Spirito-groep het toe in antwoord die seuns se harte geraak en knieë lam gemaak met hul engelstemme en skoonheid. Daarna het die talentvolle mnr Craig Steyn sy eie komposisie, *Nommer 2* gesing, aan sy vrou opgedra.

Die *Dream Team* bestaande uit Angelo Arendse, Siphiwo Deke en Tsiamo Sekhoba het met hulle unieke vorm van 'praatmusiek' die Grey-manne bietjie laat dink oor liefde en die regte lewe, waar ouens meisies misbruik.

Francois Stevens het dit toe afgesluit met die liedjie *Ain't No Sunshine when She's Gone*, 'n jazzkragtoer deur dié talentvolle leerder.

Die laaste nommer was iets besonders, veral vir mnr Tommie Cronjé wat nou in sy laaste jaar as 'n Grey-onderwyser is.

Hy, sowel as mnre Craig Steyn en Marcel Cronjé het saamgespan en Keith Urban se *Somebody like You gesing*, terwyl die saal vol manne die koorgedeelte saamgesing het.

Yvan de Klerk in graad 10 het gesê dat hy nooit aan mnr Tommie as 'n musikale man gedink het nie. "Ek was skoon stomgeslaan, maar mnr Tommie mág maar." Die dag het afgesluit met die skoollied en die *War Cry*.

Die Grey-manne was baie beïndruk met die dag en veral met die bederfies wat die gelukkige ouens na die tyd kon kry by hulle meisies of susters van die ander skole.

Petrus Jacobs, 'n graad 10 leerder sê sy gunsteling deel was toe mnr Tommie-hulle gesing het. Francois Viljoen, 'n graad 9 leerder sê hy wens daar was bietjie meer meisies teenwoordig as net die hoofdogters en Con Spirito.

Ten spyte van die feit dat die geleentheid laat in die dag gehou word wanneer die dakke al warm gebak is, bly die tradisie tog maar 'n besondere geleentheid.

Die meeste leerders en onderwysers voel dat hierdie 'n wenresep is en nie aan gekarring moet word nie. Me Marlinda Rothmann het gesê: "Hierdie was die mees stylvolle en geslaagde Valentynsvieringe wat ek kan onthou." Me Joanie Prinsloo sê die seuns se samewerking en dissipline met die aanleer van die liedjies was onverbeterlik.



**Dylan van der Merwe sing sy hart uit.** **Foto: BJ Vorster**

## kortnuus

### Me Zinnette de Wet neem die leisels oor by mnr Paul Cassar

**JOHAN WILKEN**

Grey Kollege wil graag van die geleentheid gebruik maak om mev Zinnette de Wet baie geluk te wens met haar aanstelling as die nuwe hoof by ons buurskool, Eunice.

Mev De Wet neem die leisels van hierdie uitnemende meisieskool oor by mnr Paul Cassar wat aan die einde van 2014, na 28 jaar in die onderwys besluit het om uit te tree.

Me De Wet was die afgelope paar jaar as adjunk-hoof verbonde aan Girls High in Potchefstroom, en is sy dus bekend met die uitdagings van 'n meisieskool. Sy het BA(Ed) met Engels en Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria studeer, en ook in die buiteland 'n draai gemaak, onder andere in Australië en Brittanje, waar sy navorsing gedoen het oor die gebruik van Inligtingstegnologie in skole.

Me De Wet is getroud met Kobus, tans adjunkhoof van Potchefstroom Gimnasuim, en het twee kinders, Kobus (18), en Lize-Marie (15).

Me De Wet beskou Eunice as 'n "juweel onder die Suid-Afrikaanse skole" en sien dit as 'n besondere voorreg om hierdie span spesialiste en visie-gedrewe leerders die toekoms in te lei.

Sy beplan om voort te bou op Eunice se "kultuur van uitnemendheid sonder gerustheid".

Vanaf Stabilis se kant af wil ons me De Wet en haar gesin 'n lang, gelukkige en en suksesvolle toekoms in die stad van rose toewens. Onthou, Grey is altyd langsaan om te help.

# Mathematics benefits from new additions

**LUAN NEL**

Mrs Tillie Roos is one of the new Mathematics teachers. She previously taught at Erasmus High School in Bronkhorstpruit.

Mrs Roos was born in Witbank (Emalahleni) in Mpumalanga and attended school at Witbank Technical High School.

She then studied Electrical Engineering at Witbank College. When she was asked how she spends her free time she replied," I am a teacher, we don't have free time." But she also did state that she enjoys reading when time allows.

Mrs Roos has three sons and a daughter and feels that being married is a life-long adventure. She says the Grey learners must just understand the message that "with faith, hard work and dedication you can accomplish almost everything."

She added that, "money isn't everything, family is very important in one's life. You should always be proud of who you are.

Another new Maths teacher is mrs Lianda Pringle. She attended school Fichardt Park high school and studied B.Ed at the UFS.

She previously taught at Dr Blok High school and when asked about the differences in learners, she said: "Children are the same all over."

She is pleased to be at Grey College and to have the opportunity to work with the best of the best.

She describes herself as passionate about life, stating that when she fights, she fights - and when she loves, she loves.

She says the boys are fairly negative towards the subject, stating "No, I can't do it, I don't want to do it." She further stated that she became a teacher to help learners believe in themselves and to follow their dreams.

Mrs Pringle is married and has one little girl. She says all her available time is basically spent playing with her daughter. This leaves no time for any other hobbies.

Her pet hate is when anyone wastes her time.

Grey welcomes these two valuable additions to an already strong Mathematics department, and trust that they will soon be part of the Grey family.



**Mrs Tillie Roos and mrs Lianda Pringle settling in at Grey.**
.
**Photo: Johan Sonnekus**

WISDOM TEETH ISSUES?



Make an appointment with one of our specialists for expert assistance. **CURE DAY CLINICS BLOEMFONTEIN** is the ideal state-of-the-art facility for wisdom teeth procedures!
**CURE – CONVENIENT, AFFORDABLE, FRIENDLY AND PROFFESIONAL.**

**Dr Hoek** (Maxillo-facial surgeon) on **051 430 5647**,
**Dr Floris Kotze** (Dentist) on **051 444 2350**
or contact the hospital for assistance on **051 072 0018**.
marketing@cdc-bloemfontein.co.za | www.curedayclinics.co.za

29 Poole Street,
Brandwag, Bloemfontein
**FB:** CureDayClinicsSA

cure DAY CLINICS
GROUP OF DAY HOSPITALS

SPECIALISED DAY SURGERY

## kortnuus

### Kórt rokkies en oopmondsoene...

**EDUAN TRUTER**

In vanjaar se gala was dit Koshuis en Eunice teen Stad en Oranje. In die koshuis se optog het Werner Roberts met sy motorfiets ingekom, sy meisie gaan kry en met haar weggery - nie voordat hy 'n soen ingekry het nie. Later het Janco Nell met 'n klein blou karretjie sy meisie kom oplaai. Johan Griesel met sy perd was die hoogtepunt.

Stad se optog was meestal ook oor karre. Die Stadmanne het 'n Aston Martin en 'n paar motorfietse gehad, en Angelo Arendse het met 'n Audi R8 by die area ingery.

Daar was later 'n brief op die Volksblad webblad van 'n ouer wat beskryf het hoe skrikwekkend dit is dat meisies "sulke kort rokkies dra en die seuns so lekker oopmond soen."

In 'n kommentaar op die brief het 'n man gesê dat dit vir hom nog na dieselfde pret klink as toe hy op Grey was. Mnr Scheepers voel egter dat die skrywer 'n bietjie oorreageer het.

## important dates

**25 March:** **Schools close**

**31 March-4 April:**

Rugby First Team tour to Kearsney College

**1-4 April:** KES Hockey Festival

**13 April:** **Schools re-open**

**16-18 April:**

Soccer Waterstone College

# Grey groet 'n 'genuine gent'

*Mnr Pierre Korkie se afsterwe is wyd betreur*

**ALBERT POTGIETER**

Mnr Pierre Korkie het sy onderwysloopbaan in 1983 begin as 'n Biologie-onderwyser. Hy het in 1985 by Grey Kollege begin werk. Hy het in Junie 1994 met Yolandé Moore getroud. Hy het Grey in 2009 verlaat om in Yemen te gaan werk, saam met sy gesin.

Hy was 'n goeie atletiekafrigter en het ook die fietsryspan afgerig. Hy was 'n gewilde figuur onder die kinders en sy kollegas omdat almal hom kon vertrou, selfs met hul persoonlike probleme.

Mnr Craig Steyn sê wat hy baie goed onthou is: "Mnr Korkie kon slaan! My heel eerste periode as 'n graad-8 seun was by hom. Die klas het bietjie geraas en hy het ons vinnig laat vorentoe kom. Hy het ons laat verstaan hoe dinge in sy klas werk." Mnr Paul Potgieter vertel ook dat mnr Korkie altyd vir seuns opgekom het; *a champion for the underdog*. Mnr Alex Els wat saam met mnr Korkie Biologie gegee het, beskryf hom as 'n gesinsman. "Sy aanbieding van klasse het gewys dat sy kennis nie net tot die handboek beperk was nie, juis omdat hy ook 'n passie vir die natuurlewe gehad het."



**Rus in vrede, mnr Pierre Korkie.** **Foto: Verskaf**

Wessel Schuurman sê: "Ons het as klas gereelde gesprekke gehad oor aspekte buite Biologie."

Wessel was 'n draer by mnr. Korkie se gedenkdiens in die CRC in Bloemfontein en sê: "Die hele tyd het mnr. Korkie net vir my as 'n inspirasie gedien." Mnr Pierre Korkie was baie lief vir die plaaslewe en sy diere. Mnr Volsteedt meen dat hy nooit sal vergeet hoe mnr Korkie 'n goeie, skoon grap geniet het nie en hoe sy oë skrefies getrek het terwyl hy gelag het.

# Every once in a while fate causes a boy to become a hero

**VALERIO CIRELLI**

On 28 December 2014, Nicolaas Naudé, a grade 10 learner, made headlines when he displayed a true act of heroism and bravery.

While on holiday with his family in Suiderkruis near George, Nicolaas spotted a man drowning. He and a few friends were playing rugby on the Suiderkruis beach when he saw the man drowning. "I was totally shocked when I saw him," says Nicolaas. He immediately swam 80 metres into the sea with a yellow life buoy and pulled the man back to the shore. When his parents saw him in the sea, they thought he was the one in trouble. Mrs Adéle Naudé, Nicolaas's mother said she was hysterical when she saw her son in the ocean because she thought that he was the one drowning. Mrs Naudé said that the rescued man's mother had recently won her fight against cancer and would not have been able to endure another tragedy. The only thing they know about the drowning man is that his surname is De Wet and that he was on holiday at that time.

He received a special gold medal presented to him by Henk Boshoff, president of Free State Swimming. He said that Nicolaas was given the award, not only to congratulate him for his act of courage and bravery, but also because this act has inadvertently helped to promote swimming in the Free State.

Zane Waddell, captain of the Grey College swimming team stated, "Nicolaas has unintentionally added value to Grey College and to the sport of swimming, and we congratulate him for this selfless act of bravery."

**Supporter of Grey College**


FNB
First National Bank

*How can we help you?*

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports Grey College Sport

Coca-Cola




PROFILE

# Where in the world is... Marcus Gericke

**GARY DYKMAN**

Marcus Gericke matriculated from Grey in 2013. He admits that he finished school only because his father demanded it. However, from the age of eight he has had only the desire to be a chef - like his father.

"There's something very creative about taking a raw product and changing it into something beautiful and delicious," he says. He decided that when he matriculated he would travel the world as a chef, making a name for himself.

He was head-hunted as a chef and this led him to where he is today: a chef at The Little Nell, a luxurious five-star mountain hotel in Aspen, Colorado. The on-site restaurant, *Element 47* serves some of the best farm-fresh Italian cuisine. "I am working 15 hours a day and loving it," he states. He has also been learing how to snowboard, to make full use of the snowy peaks.

Grey College is a never-forgotten empire. In Aspen, Marcus has crossed paths with many South Africans, most of them knowing the name of Grey College. He is regularly told how wonderful it is having a Grey gentleman in Aspen.

Marcus was formally taught by his father, a chef at the *Food and Beverage Institute* in Bloemfontein. In South Africa, Marcus and his father were so-called seasonal chefs and always made use of seasonal ingredients.

The Little Nell recently hosted the X-Games where Marcus and his colleagues catered for these professionals. "The tricks they do with a snowboard and pair of skis are just crazy," he says.

"People are friendly here in Aspen," he says, and apart from missing his family and girlfriend, he loves the experience.

Marcus is an experimental chef and can create unbelievable dishes with simple ingredients. Ask him for brioche, pâté, terrines... nothing is impossible to make.

The hard work and long hours do not bother him – he is happy to be living out his passion for food at one of the most beautiful places in the world. The lesson to be learnt from Marcus's story is that your natural talent and passion will take you all over the world.



**Marcus doing what he does best.** **Photo: Supplied**

# Ou dame Bechstein se stem is moeg

*Waardevolle klaviere benodig aandag tyd en fondse vir instandhouding*




**Mnr Dana Cilliers betreur die toestand van die skool se vele klaviere.** **Foto: Johan Sonnekus**

**ANDRé BELLINGAN**

Grey Kollege besit nege klaviere. Daar is een Schubach regop-klavier in Leith-huis, ses verskillende regop-klaviere in die musiekkamers asook 'n groot Kawai vleuelklavier in die glaskas in die musiekblok. Daar is ook die groot Bechstein vleuelklavier in die Reüniesaal.

Dit is indrukwekkend dat al die klaviere nog gebruik word en nie net soos meubelstukke staan en oud raak en stof opgaar nie. Hierdie klaviere, soos alle ander klaviere, moet deeglik onderhou word en gediens word omdat hulle bewegende dele het.

Al die seuns wat musiek oefen, nie net diegene wat klavier speel nie, maak gebruik van die klaviere wat in die musiekkamers is. Die klavier in Leith-huis word elke nou en dan deur 'n seun gebruik om die liefdesliedjie wat hy beplan om vir sy meisie te sing, te oefen.

Die Bechstein vleuelklavier, wat in die Reüniesaal staan, was in sy tyd een van die beste klaviere beskikbaar. Dié klavier is volgens sy reeksnommer in 1907 gebou. Dit beteken dat die klavier 22 jaar ouer as die Reüniesaal is, wat eers in 1929 gebou is. Die Bechstein doen nou al reeds vir 108 jaar diens en is baie goed deur die jare opgepas en onderhou.


In die tyd toe daar in die skool nog net 800 seuns was, kon die klavier genoeg klank verskaf vir begeleiding. Maar na 108 jaar en die uitbreiding van die skool van 800 na meer as 1200 seuns "het die ou tannie se stem moeg geraak," soos mnr Dana Cilliers, musiek-onderwyser, dit gestel het.

Die meeste van die klaviere is nog geskik vir hulle werk .Party, soos die regop-klavier in me Joanie Prinsloo se klas wat in 1926 gebou is, is nie so goed opgepas nie. Dit sal een of ander tyd in die nabye toekoms vervang moet word.

"Die werklikheid is dat die skool nou moet oorweeg om sistematies die instrumente te vervang; daar kan hier en daar herstelwerk gedoen word, maar die skool sal moet begin kyk na die kapitaaluitleg om die klaviere soos die Bechstein te vervang," sê mnr Cilliers.

As begeleier van die koor en Indomitus, is mnr Cilliers sekerlik die kenner op hierdie gebied.

## staccato



### These boots are made for... a history of gumboot dancing

**ANDRé BELLINGAN**

Gumboot dancing was born in the gold mines of South Africa at the height of the migrant labour system and during the oppressive Apartheid Pass Laws. Working conditions in the mines were tough and mines were often flooded.

The bosses discovered that providing gumboots to the workers was cheaper than trying to drain the mines. This created the miners uniform of heavy black gumboots, jeans, bare chest and bandannas to absorb sweat. The workers were forbidden to speak, and as a result created a means of communication. By slapping their gumboots and rattling their ankle chains, the miners sent messages to each other in the darkness. From this came an entertainment, as the miners evolved their sounds and movements into a dance form to entertain each other during their free time.

Gumboot dancing has developed into a South African art form with a universal appeal. The dancers expand on traditional steps, with the addition of contemporary movement, music and song. The dances are extremely energetic and serve as a release of any negative emotions.

## Nuwe stemme lui vars era in en wil hoë note bereik

**DANIEL VON ESCHWEGE**

Na die suksesse wat verlede jaar deur die sanggroepe behaal is was dit net 'n feit dat daar 'n standaard gestel is waarvan absoluut nie afgewyk kan word nie.

Die moeilikheid met die hoë standaard wat gestel is, is dat soveel gesoute lede van die musiekgroepe die skool verlaat het. Me Joanie Prinsloo verduidelik dat 16 van die minimum 20 Indomitus-lede die skool verlaat het en dat daar dus net soveel leemtes in die koor sou wees.

"Ek het slapelose nagte gehad oor wat ek sou moes doen om die standaard hoog te hou maar ek vermoed dat ons tog sal regkom", meen me Prinsloo.

Die oudisietye is aangekondig en 'n stortvloed seuns het aangemeld vir die oudisies. Me Prinsloo en mnr Dana Cilliers het meer as twee weke spandeer aan die drie rondtes oudisies en uiteindelik besluit op 17 nuwe Indomituslede en Grey het ook nou 'n skoolkoor wat 96 lede sterk is.

Hierdie nuwe groep is so begeesterd dat hulle selfs een aand tydens beurtkrag met kopligte en selfone in die donker geoefen het.

Beide die musiekpersoneel-lede is dit eens dat met hierdie splinternuwe groepe, Grey musiek besondere hoogtes sal kan bereik. Die eerste Indomituskamp is die naweek van 6, 7 en 8 Februarie gehou en me Prinsloo sê dit was 'n besonder suksesvolle aanleersessie. Indomitus se eerste optrede was Valentynsdag in die saal en die jaarlikse sêroptredes by die meisieskole.

Die skoolkoor oefen nou verwoed vir hul genooide stadion-optrede tydens die *Ek love die Vrystaat*-produksie met kunstenaars soos Monique, Bobby van Jaarsveld, Bok van Blerk, Adam Tas en Karlien van Jaarsveld. Daarna sal die koor en Indomitus in alle erns begin oefen aan hul repertorium vir die Musiek-fees, verskeie interskole en veral vir die beoogde toer Italië toe.

Me Prinsloo sê dat die leerders baie pligsgetrou en toegewyd is en dat sy met sangers van hierdie kaliber berge sal kan versit.



**Indomitus oefen elke kans wat hulle kry.** **Foto: Johan Sonnekus**

HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★ ★ ★ ★
SPESIALE NAWEEKAANBOD
R650 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.





# Strengths will see us through

"Yesterday is gone. Tomorrow has not yet come. We have only today. Let us begin." – Mother Teresa

As the sun rose on 2015, putting the accomplishments and disappointments of 2014 to bed, it was yet again time for Grey College to enter a new era of hard work and successes and, as expected, the boys grabbed onto this opportunity from the word go.


A new class of matrics took to the lawns of the school ground and one can't help feeling excited to see what this fresh set of leadership skills entail. "We learn from the shortcomings and way of getting things done of last year's matrics," says Dawid Snyman, school captain, "but we are our own masters and we need to build on our own strengths to make 2015 a great year."

Die vrugte van verlede jaar se harde werk en deursettingsvermoë is gepluk by vanjaar se akademiese prysuitdeling en die seuns het met puik prestasies bewys dat Grey op die sportveld sowel as op die skoolbanke kan wys wat in hul steek. 'n Groot verwagting is ook vir die jaar wat voorlê op akademiese gebied geskep. Soos mnr Dries van der Wal se bekende 'Leith-Huis studietyd-spreekwoord' lui: "Koppe af, manne, koppe af!"

Die beleid rondom nuwe kloktye het egter 'n paar seuns uit hul gemaksones geruk. Hierdeur word die seuns se uithouvermoë tot die uiterste beproef, maar soos almal weet: "When the occasion demands it, Grey boy always comes up to scratch."

Numerous successes have already been achieved on the sports ground over the course of the December holidays as well as during the start of the term. The respective Grey Gala and Grey Athletics meets in which the boys competed for Town and Hostels, assisted in uplifting the spirit in the school and got the boys into a competitive mind-set for the year ahead. The u/16 hockey team achieved 4th place at the SA Cup over the holidays and the chess team took 1st place at the Top Schools chess tournament in Pretoria.

Dit is duidelik dat die Grey-seuns oor die regte moed en mentaliteit beskik om van 2015 'n reuse-sukses te maak. Ons los dit nie vir iemand anders vir 'n ander tyd nie. Die iemand is Grey en die tyd is nou. Kom ons begin.




## Amazing experience for self-improvement




It began in the Hostel... When I first came to Grey it was tough, because I wasn't used to it. But after a few days passed it started to get better and I had fun. It is amazing having so much people to comfort you when you feel a bit down. The orientation taught me to look after the people you live with. I really missed my parents the first few days but I just kept on going with the whole story and kept on trying to improve myself.

Grey teaches you respect for all the people around you. It helps you realise what is important and to learn new things in life. It teaches you to always work as a team; otherwise you will never reach any goals in life. It teaches you to look after your belongings, to be punctual, disciplined and to never give up.

My opinion on the first few weeks at Grey is that it was an amazing experience that got me to see what makes this school the best in the country.

***Conrad Brink***
***Grade 8 learner***

# Noordwester vind Kollege spesiaal

## *Me Esther Botha deel haar aanvanklike ervaringe van haar nuwe skool*




**Louis Schoonwinkel geniet Six Cokes saam met die nuwe leerkrag.** **Foto: Johan Sonnekus**

**LOUIS SCHOONWINKEL**

Me Esther Botha het vanjaar by Grey begin skoolhou. Sy is egter 'n gesoute leerkrag, wat voorheen onderrig het by onder andere Barkly-Oos, Frankfort en Sentraal.

Me Botha het die grootste deel van haar skoolloopbaan deurgebring by Potchefstroom Gimnasium, waar sy dan ook gematrikuleer het. As 'n Noordwes-boorling studeer sy verder op NWU-Pukke, waar sy 'n B. Sc-graad voltooi het. Die volgende vrae is aan haar gestel:

*Waarna sien Juffrou die meeste uit van hierdie nuwe avontuur?*
Ek sien uit daarna om saam met toegewyde mense, vir wie die onderwys regtig belangrik is, te werk.

*Hoe ervaar Juffrou die Grey-seuns en Grey as geheel?*
Die Grey-seuns groet... en dit is vir my so spesiaal. Die vriendelikheid van almal by Grey Kollege is opvallend. Hier is regtig 'n kultuur van omgee.

*Wat is Juffrou se belangrikste reël in die klaskamer?*
Doen elke dag huiswerk! Moenie te gou moed opgee nie.

*Hoe belangrik is Wiskunde as 'n vak nou eintlik?*
Almal weet dat Wiskunde vir sekere studierigtings belangrik is. Die wêreld het egter baie meer as aktuarisse en ingenieurs nodig! Dit is nie alles nie, maar is my passie!

*Waarom Wiskunde gee?*
Ek het 'n passie vir Wiskunde en wil dit graag oordra aan die seuns.

*Watter raad sou Juffrou aan diegene wat by Juffrou klas het en gaan hê, gee?*
Wees elke dag in die klas, ons gaan beslis werk!

Redaksielys 2015

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Louis Schoonwinkel
**Subredakteur: Nuus** Luan Nel
**Subredakteur: Sport** Frans-Hendrik Badenhorst
**Subredakteur: Diepte** Matthew Barnard
**Subredakteur: Joernaal** Johan Griesel
**Subredakteur: Kultuur** André Bellingan
**Hooffotograaf:** Johan Sonnekus

**NUUSREDAKSIE**
Jaco van Loggerenberg
Dylan Barnes, Gary Dykman
Albert Potgieter, Johan Wilken
Eduan Truter, Izak Adendorff
Valerio Cirelli

**SPORTREDAKSIE**
Christopher Schreuder
Hugo Richter, Wian Mouton
Etienne Erasmus, Ebert Wohlitz
Hanru Bührmann, Philip Pretorius
Christopher Lowe

**DIEPTEREDAKSIE**
Keo Matshele, Jorge Gomes
Andries Mulder, Kolbé Kolver
Dapper de Wet, Carel Greyling

**KULTUURREDAKSIE**
Daniel von Eschwege

**JOERNAALREDAKSIE**
Ethan de Witt

**KUNSTENAARS**
Kent Campbell, Dian Beukes

**FOTOGRAWE**
BJ Vorster
Bremer Visser
Frans-Hendrik Badenhorst
James Braude

## 'n Stoute seun sonder klas verloor sy das

**KOLBé KOLVER**

By Grey is daar 'n bekende spreekwoord wat lui, "A Grey boy always possesses a touch of class." Dan vra jy jouself af, wat beteken hierdie 'touch of class' nou eintlik? Sommiges meet dit aan al die skool se prestasies en ander weer aan die leerders van Grey.

Die inspeksie-sisteem, wat bestaan uit 'n span onderwysers wat die voorkoms van die leerders nagaan, is 'n reuse sukses. Die doel van die sisteem is om op elke tweede Donderdag van die week inspeksie te hou en as 'n leerder se voorkoms nie na wense is nie, word sy das gevat.

Sonder 'n das word leerders nie toegelaat by sosiale geleenthede nie en om sonder 'n das rond te loop is 'n vernedering. Leerders kry hul dasse terug sodra hul voorkoms binne die reëls van die skool is.

'n Totaal van 53 dasse is gevat tydens die eerste week van inspeksie. Alhoewel daar leerders is wat die sisteem probeer boikot deur 'n tweede das byderhand te hê is daar slegs 16 dasse gevat in die tweede week van inspeksie, wat daarop dui dat die sisteem alreeds suksesse toon.

Mnr Lourens van der Merwe, hoof van dissipline en ook die een verantwoordelik om die voorkoms van seuns na te gaan, se doelwit is om 'n inspeksie te hê met 'n 100% slaagsyfer.

Die hoofdoel van hierdie sisteem is dat mettertyd inspeksie nie sal nodig wees nie en dat elke Grey leerder met trots 'n goeie voorkoms sal handhaaf.

*May the College keep on training noble citizens with a touch of class!*




**The pen must remain mightier than the sword.** **Photo: Supplied**

# Unity in diversity must prevail

*Intolerance amongst all races is responsible for unnecessary violence*

**JORGE GOMES**

On 7 January this year a terrorist attack occurred in France. Eleven staff members of the weekly satirical magazine Charlie Hebdo were shot and killed. The attackers were avenging the honour of Muhammed, of whom Charlie Hebdo had published many caricatures.

Many of the magazine's staff were on the Al-Qaeda hit list. Yet the Quran does not have any definite prohibition of imagery of the prophet Muhammed. The majority of Muslims do not support the violence of groups such as Al-Qaeda and ISIS. Thus, the true matter to take into account is that of tolerance.

In addition to being discriminated against and mocked, many French Muslims feel contempt towards the French and end up joining militant Muslim extremist groups. The two shooters involved in the shooting were among these ex-French citizens.

But what does this mean to us? At Grey Muslims are certainly in the minority, but this is not necessarily just about Muslims. The question is, do we have a healthy tolerance for different religions, cultures and ethnic groups, in other words, diversity? As the basis for this question originated from a Muslim-based scenario, it will be dealt with from a Muslim perspective.

When asked whether he experiences any discrimination at Grey, a Muslim learner replied, "Definitely, of course!" And justifiably, discrimination will be encountered in any social environment. But at the same time, the learner also said that, despite the discrimination, he feels free to practice his religion at Grey.

The Muslim learners are, for instance, allowed to leave school to attend prayer on Fridays. Grey therefore has a healthy tolerance for diversity.

We must try to maintain it, and improve - we are by no means perfect. Discrimination against all sorts of different cultural, religious and ethnic groups still occurs in the form of insults, or perhaps just casual 'jokes'.

We are a school of diversity, but we can still be a unit, and in fact be a stronger unit if we simply learn to accept our differences.

## Vol rooster los geen tyd vir ginnegaap

**ANDRIES MULDER**

Vir elke Grey leerder was die eerste skooldag 'n groot aanpassing, want die akademiese rooster het verander.

Hierdie verandering was nodig weens verskeie redes, soos byvoorbeeld die skool se uitgebreide buitemuurse program en leerders en onderwysers wat gereeld op toere gaan. Dit veroorsaak dat baie akademiese tyd verlore gaan - tyd waarvoor elke Grey-ouer betaal. Hiermee saam is die KABV-sillabusse baie "rof" en meer akademiese tyd is noodsaaklik.

Daar moet ook in ag geneem word dat daar in die vierde kwartaal baie min skooldae is. Al hierdie bepalende faktore het verandering genoodsaak.

Volgens mnr Alex Els, die akademiese hoof van Grey Kollege, is verskeie opsies oorweeg en al die alternatiewe goed oordink. Daar is byvoorbeeld gekyk daarna om die skooldag vroeër te laat begin, maar dit het gevolge wat ontbyt by die koshuis se eetsaal raak.

Daar is oorweeg om die skooldag later te laat eindig, maar dit raak weereens die eetsaal, asook die vol buitemuurse program. Daar is ook gekyk na 'n "brunch" vir die koshuisseuns om middagete te vervang. Die probleem hiermee was wat die sowat 900 stadseuns in hierdie tyd moet doen.

Daar is uiteenlopende opinies op die skoolterrein oor die verandering aan die akademiese tye. Leerders en sommige onderwysers voel dat daar meer as een pouse op 'n dag behoort te wees omdat die periodes te lank raak, en dit moeilik raak vir die leerders om so lank te konsentreer.

Verskeie studies is reg oor die wêreld gedoen om te bepaal hoe lank 'n persoon op 'n sekere taak kan konsentreer. Daar is bevind dat mense langer op iets kan konsentreer as hulle dit geniet. Konsentrasie kan ook gebreek word deur onder meer geraas, moegheid of honger. Die gemiddelde tyd wat iemand op 'n sekere taak kan konsentreer is sowat 20 minute. Daar word beweer dat leerders wat tans op skool is se konsentrasiespan selfs korter as 20 minute kan wees. Konsentrasie kan herstel word deur 'n vinnige breuk te neem.

Wat elke betrokke persoon se opinie oor die sisteem ookal mag wees, dit is slegs vir 'n proeftydperk ingestel. Die personeel van die akademiese komitee gaan aan die einde van die eerste kwartaal weer bymekaar kom om daaroor te besin.



**Die einde van die skooldag lê nog ver.** **Foto: Johan Sonnekus**

## Fonteine van kennis sal nie opdroog

**CAREL GREYLING**

In 'n land soos Suid-Afrika met soveel armoede en ongeletterdheid is die rol van die biblioteek baie belangrik.

Biblioteke wat tegnologie nie as 'n bedreiging sien nie, maar saam met die ontwikkeling groei, kan 'n onontbeerlike rol speel in die uitwis van agterstande in arm gemeenskappe.

Een van die doelwitte van enige biblioteek moet ook wees om 'n samehorigheidgevoel aan 'n gemeenskap te gee en dit bestaan reeds by Grey.

Engelse fiksie soos fantasieverhale, biografieë en geskiedenisboeke is die gewildste génres wat by die Krause biblioteek uitgeneem word.

Met die meer as 30 000 boeke in die biblioteek, bekwame boekaankopers, behulpsame personeel en beskikbaarheid van rekenaars, het die Grey-leerder 'n fontein van kennis tot sy beskikking.

Die droom en ideaal van die Krause biblioteek word benadruk in die woorde van André P Brink: *"My library was – all libraries are – a place of ultimate refuge, a wild and sacred space where meanings are manageable precisely because they aren't binding; and where illusion is comfortingly real. To read, to think, to trace words back to their origins real or presumed; to invent; to dare to imagine."*



# Viva democracy for everybody - and "pay back the money"

**MATTHEW BARNARD**

The state of the nation is not a "good story", as stated in 2014 by President Zuma. People are questioning whether the democratic laws enshrined in the constitution are being upheld. The EFF added energy to parliament; whether it be positive or negative is open for debate. Some people argue that it's their legal right to express their opinions and ask questions; whilst others argue that they take it too far.

The cell phone signal jamming at the SONA was definitely a breach of the constitution's Communications Act. The democratic nature of the ruling party has thus come into question.

In keeping with the above – some learners of Grey College also have strong opinions about democracy and freedom of expression and believe that they have the right to be heard. Some feel that the school isn't democratic in the sense that the opinions of the boys don't matter.

A Grey learner says, "We'll see at the end of the term whether the school is democratic. We've asked for two breaks and are yet to receive it, and we also want a register period every day." This learner's view is the consensus of the learners and teachers.

Another learner said, "We the learners have a say... It's just not being taken seriously." Many learners feel that their opinions voiced aren't that important and that they don't have a means to convey their opinions.

On the positive side it must be noted that another learner said, "I can definitely see certain things improving due to good communication, but there is still quite a bit of work to be done."




**Aktiewe sosiale media verbruikers**
2014-2015

# Tieners twiet nie net op Twitter

## *Wye verskeidenheid sosiale netwerke bied 'n geselsplatform vir almal*

**DAPPER DE WET**

Kyk op, kyk af, waar is my foon, het ek 'n byt gekry?

In ons gejaagde lewe word alle moontlike sosiale media platforms aangewend om op hoogte te bly van die stand van sake. Danksy Twitter, Facebook, Instagram, What's App en BBM weet ons wat wêreldwyd gebeur.

Ons lewe in 'n tegnologiese wêreld waar sosiale media oorneem en Suid-Afrika is nog redelik in die begin van die bedryf, maar reeds baie aktief.

Twitter is in 2006 gestig en daagliks word daar 340 miljoen twiets getwiet volgens 'n opname van Media World. Sedert 2013 het Twitter met 20% gegroei en het tans ongeveer 6,6 miljoen gebruikers in Suid-Afrika. Volgens 'n onlangse opname onder Grey seuns het Twitter met bykans 62% gegroei.

Facebook was van die eerste sosiale media platforms wat gebruik is. Volgens navorsing het Facebook sedert 2013 elke jaar met 53% gegroei. Die gebruik van Facebook het met 24% toegeneem by Grey Kollege. Ek het Jacques Lotriet, 'n Graad 9-leerder, gevra waarom hy Facebook gebruik en sy antwoord was eenvoudig: "Dit is vir my maklik om dit te gebruik en ek kry die geleentheid om te sien wat my vriende doen en al is ek nie teenwoordig nie kan ek dit saam met hulle geniet."

Instagram is dié gewildste sosiale media platform onder Grey Kollege leerders en sedert 2013 het dit met 82% toegeneem. Instagram het in 2010 begin en het gegroei tot 11,8 miljard gebruikers wêreldwyd. Intstagram is nog relatief nuut maar raak daagliks meer gewild. Sedert 2013 het dit met 63% in Suid-Afrika toegeneem.

Die 'auto-sharing' media reus 'What's App bestaan sedert 2004. Onder Grey Kollege leerders is dit baie gewild en dit blyk dat 50% van ons leerders dit gedurende skooltyd gebruik. Die leerders is gevra hoekom dit so gewild is en die antwoord was dat dit baie maklik bruikbaar en bekostigbaar is.

Black Berry Messenger, beter bekend as BBM het 'n groot deurbraak gemaak toe die gebruik van BBM na ander telefone verskuif het. In Suid-Afrika het die gebruik daarvan met 70% gegroei en in Grey Kollege met ongeveer 40%.

Grey leerders is aktiewe deelnemers aan sosiale media en hulle gebruik die verskillende sosiale media platforms om op hoogte van nuus- en sportgebeure te bly, sowel as om die skoner geslag te vlei met mooi woorde.

Dit is duidelik dat die dae van briewe skryf, fietsry of stap tot by die meisieskoshuis vir 'n geselsie en selfs koerant lees uiters vreemd is vir tieners.

Die wêreld is letterlik aan die jeug se vingerpunte. Die konstante vloei van kommunikasie en inligting beskikbaar op al die verskillende sosiale media platforms hou hulle op die hoogte van gebeure in hulle skool, land en in die res van die wêreld.

Is dit goed of is dit sleg? Dit maak nie saak nie. Die punt is dat die tipe van kommunikasie hier is om te bly en niemand kan bekostig om agter te raak nie. Die oplossing - klim op jou slimfoon.




# Masked depression is the silent enemy

**DYLAN BARNES**

Depression has become extremely prevalent among learners. It is also true that learners often know very little about depression and do not have the correct tools to help themselves overcome this.

Depression is caused by triggers such as academic stress, social anxiety or peer pressure, traumatic events, low-self-esteem and family and relationship issues. There is often no specific cause and it is simply due to a chemical imbalance in the brain. And then there is the silent enemy: masked depression. Learners do not want to admit that they have depression and they then hide the symptoms.

The typical signs of depression are low energy levels, sleeping more or less than usual, feeling demotivated, changes in eating habits, thinking about death all the time and not experiencing any pleasure in life.

According to the South African Federation for Mental Health, South Africa has the eighth highest suicide rate in the world. According to a study at the UFS, 32% of grade 11 and 12 learners in the Free State suffer from anxiety, 5.3% has moderate to severe depression and 29% has mild depression.

According to Dr Lindi Nel at the UFS, the most important aspect is to not ever judge your friend, but to be sympathetic and caring. Dr Nel further states that parents are major role players in finding a solution and should provide full support to their depressed child. They should also be aware of the suicide risk involved and should check weapons and medicine in the home at regular intervals. Parents should also start looking for their child as soon as possible if they do not come home or stay away longer than anticipated.

One Grey learner said that the emotional clashes, competitiveness and worrying about school work have an effect on his depression.


The South African Depression and Anxiety Group (SADAG) is Africa's largest mental health support group. SADAG's telephone number is (011) 234 4837 and the website is www.sadag.org.



**There is help available when life becomes too much. The Suicide Crisis Line toll free number is 0800 567 567. Photo: Supplied**

# Word optogte uit verband geruk met motors, 'six packs' en 'n perd?

*Doel van fanfare raak verlore in sinnelose spieraangedrewe spogtery*




Met die onlangse hoërskoleswemgala, wat getrou aan die tradisie 'n ongelooflike interaksie tussen Eunice, Grey en Oranje Meisieskool was, het die vooraf-gaande kleurryke optogte nie by almal eweveel byval gevind nie.

Hoewel die meeste mense die spanboupoging as opwindend en prettig ervaar het, was sommige lede van die ouer generasie minder beïndruk – tot so 'n mate dat dit tot 'n brief en sportprent in die plaaslike dagblad gelei het.


Vir baie leerders is die optogte sinoniem met spangees, kompetisie, vaandels, kleurvolle uitrustings, musiek en bruisende adrenalien.

Optog is afgelei van die Latynse woord *processio* en word omskryf as "'n ordelike, optrekkende menigte wat met 'n bepaalde doel vorentoe beweeg".

Optogte, as deel van publieke feesvieringe, is byna so oud soos die mensdom self. In antieke Egipte was optogte 'n belangrike deel van godsdienstige seremonies, terwyl die Romeine dit gehou het na militêre seges. Deelnemers aan die antieke Olimpiese Spele, wat in 776v.C. ontstaan het, het in aanloop tot die openingseremonie 'n tweedae-lange optog oor bykans 58km gestap. Optogte is dus 'n eeue-oue tradisie wat steeds met groot fanfare aangebied word by wêreldbyeenkomste soos die moderne Olimpiese spele.

By Grey salueer ons elke positiewe en opbouende tradisie wat deur geslagte aan ons oorgedra is. Die vraag is natuurlik of hierdie tradisies nog voldoen aan die vereistes van 'n moderne en verligte samelewing, en of dit bloot 'n blindelinge voortsetting is van dit wat vorige generasies gedoen het. Dien optogte hoegenaamd nog 'n doel, en wat word bereik?

'n Vinnige reis op die internet skets 'n baie positiewe prentjie betreffende die funksies van 'n optog: Dit adverteer 'n span of groep en gee 'n gevoel van solida-riteit. Dit is geesbou om die moraal te versterk en ook so bietjie van 'n magsvertoning tussen die opponente.




Op papier is optogte dus 'n positiewe aktiwiteit wat prettig kan wees mits dit binne die reëls en verwagtinge van 'n bepaalde gemeenskap gedoen word.

'n Mens kan tot die gevolgtrekking kom dat hierdie aktiwiteit bepaald 'n plek in die toekoms het, maar dat respek vir dit wat vir almal aanvaarbaar is, die sleutel tot sukses sal wees vir 'n ou tradisie wat nog altyd ten doel gehad het om 'n feestelike geleentheid te skep.

## Bradley Cooper becomes the enigmatic *American Sniper*

*Genre: Action*
*Director: Clint Eastwood*
*Score: 8/10*

**ETHAN DE WITT**

American Sniper is a 2014 American biographical war drama film directed by Clint Eastwood and written by Jason Hall. It is based on the book *American Sniper: The Autobiography of the Most Lethal Sniper in U.S. Military History* (2012) by Chris Kyle.

Chris Kyle (Bradley Cooper) is a U.S. Navy SEAL sniper who is sent to Iraq after the September 11 attacks of 2001. He earns the name 'Legend' for his many kills; his first being a woman and a boy who attacked U.S. Marines with a grenade.

Although his efforts at war earn him legendary status, he is distracted by memories of his war experiences. He becomes increasingly distant from his wife (Sienna Miller) and child on his leave of duty, as he is haunted by those he could not save.

American Sniper received six Oscar nominations, including 'Best Picture', 'Best Adapted Screenplay' and 'Best Actor' (Bradley Cooper) at the 87th Academy Awards.

The film is the highest-grossing film to date for acclaimed director, Clint Eastwood and it boasts with a worldwide gross of over $470 million, second to Saving Private Ryan.

An interesting twist to the story of Chris Kyle is that he was murdered at a shooting range after his return from Iraq. He was shot by a war veteran suffering from post-traumatic stress. He thus never saw the Hollywood version of his own life.

## Andriëtte en Elvis Blue- mooi en musikaal






**Andriëtte is vanjaar se Musiekfees-gaskunstenaar.**
**Foto: Verskaf**

Andriëtte Norman, beter bekend as *Andriëtte*, is hierdie jaar saam met *Elvis Blue* 'n gaskunstenaar by Grey Kollege se jaarlikse Musiekfees.

Andriëtte, wat bekendheid gewerf het as die naaswenner van die gewilde Suid-Afrikaanse TV-sangkompetisie Idols, is 'n Kapenaar wat skoonheidsteg-nologie aan die Tygerberg Kollege gestudeer het, voor Idols haar lewe in 2007 verander het.



Alhoewel sy nie Idols gewen het nie, het Andriëtte sedertdien vir haarself naam gemaak as een van dié mees gewilde Afrikaanse popsangeresse in die oorvol SA musiekbedryf.

Haar debuutalbum, Diamant is in 2008 vrygestel en in 2009 wen sy 'n Vonk-Rapportprys vir *Beste Kontemporêre Vroulike album*. In 2014 stel sy haar vierde album, *Wat Rym Met Liefde* vry en ontvang 'n Ghoema-Toekenning in die kategorie *Beste Kontemporêre Vroulike Album*.

Van haar gewildste liefdesballades sluit in Napoleon, wat deur Steve Hofmeyr geskryf is en *Dinge en Sewe Oseane* wat deur Rudi Claase geskryf is. Sy tree ook gereeld op by KKNK en Huisgenoot-Skouspel en was al twee keer 'n gaskunstenaar op die gewilde SABC 2-musiekspeletjieprogram *Noot vir Noot*.

Wat laat Andriëtte uitstaan bo ander Afrikaanse sangeresse? Volgens Ilza Roggeband, musiekjoernalis van Kaapstad is dit eenvoudig: "Haar stem is herkenbaar tussen duisend ander... sy het 'n goeie stem met substansie." Byron Kuntz, 'n vervaardiger van die Electro Groove Studios in Johannesburg meen, "haar stem het 'n uniekheid waarby die meeste mense aanklank vind. Sy is borrelend en het 'n pragtige persoonlikheid. Ek dink sy gaan baie suksesvol in die toekoms wees. Sy het al die regte bestanddele."

Grey Kollege sien uit om te hoor hoe Andriëtte en Elvis Blue hulle musikale gawe met die Greyseuns deel tydens vanjaar se musiekskouspel. Met sulke kunstenaars kan dit net skitterend wees.

*- Dr Grey*



## uitslae

### SVS Atletiek-kampioenskap

Herman Agenbag
o/15 Diskus Goud
Herman Agenbag
o/15 Gewigstoot Goud
Wyclif Vlitoor
o/15 Verspring Goud
Janco van Heyningen
o/16 100m Goud
Janco van Heyningen
o/16 200m Goud
Marnich Tessner
o/16 Diskus Goud
Heinrich Bruhns
o/17 800m Goud
Heinrich Bruhns
o/17 1500m Goud
Nico Prinsloo
o/17 100m Goud
Nico Prinsloo
o/17 300m h Goud
Johan van der Walt
o/19 100m Goud
Johan van der Walt
o/19 200m Goud
Daniel Rust
o/19 Gewigstoot Goud
Craig van Niekerk
o/19 400m Goud

Bogenoemde atlete behaal almal meer as 800 punte

**PLEKKE BEHAAL BY DIE BYEENKOMS**

| | |
|---|---|
| Eerste plekke | 32 |
| Tweede plekke | 30 |
| Derde plekke | 22 |

**ANDER ATLETE WAT MEER AS 800 PUNTE BEHAAL**

| | | |
|---|---|---|
| Francois Viljoen | o/15 | 200m |
| Andries Muller | o/17 | 100m |
| David Coetzee | o/17 | 100m |
| Adriaan Vorster | o/19 | 400m |
| Ruben Marnewick | o/19 | 400m |
| Lucas Visagie | o/19 | 400m |

# Affies inter bly grootste toets

## *Grey handhaaf voorsprong in fisies-intense kragmetings*


**ETIENNE ERASMUS**

Die Affies-interskool is elke jaar een van die mees opwindende interskole. Gewoonlik aan die begin van die rugbyseisoen, bied dit 'n goeie uitdaging om die seisoen mee af te skop.


Om teen Affies te speel, kan elke Grey-seun getuig, is sonder twyfel een van die mees fisieke wedstryde van die jaar. Jaar na jaar is Affies een van die eerstespan se mees uitdagende wedstryde. Uit die 22 wedstryde gespeel, het Grey 14 keer gewen, 5 keer verloor en 3 keer gelykop gespeel.

Die grootste oorwinning nog, was in 2007. Grey, met bekende name soos Robert en Sias Ebersöhn, Boom Prinsloo, Coenie Oosthuizen en Lappies Labuschagné, het met 'n telling van 47-10 gewen. Van die enkele nederlae het die grootste in 1996 gekom, 3-25.

Volgens mnr. Ingo Machts, oud-afrigter van die eerstespan, is Affies een van die mees gerespekteerde en afgeronde spanne in Suid-Afrikaanse skolerugby. Hy sê dat hulle altyd baie fisies is en dat daar geen twyfel bestaan dat hulle elke jaar 'n groot uitdaging vir die eerstespan sal bied nie.




GRAFIEK 1: Die resultate van elke Affies interskool.




GRAFIEK 2: Groot tellings oor die jare vir Grey.

**Interessante brokkie:**
In 1999 se interskool teen Affies, was Grey agter met die tyd al verstreke. Die telling was 10-13 in Afrikaans Hoër Seunskool se guns.

Met die tyd verby het Grey 'n strafskop reg voor die pale gekry en dit sou die laaste beweging van die wedstryd wees.

Die destydse eerstespan-kaptein, Roland Bernard, het gedink die telling was 9-13 en dus gereken dat daar nie na die pale geskop kon word, om sodoende gelykop te speel nie; hulle moes met die bal hardloop.

Dandré Gerber het die tikskop gevat en reg voor die pale die wendrie gedruk. Grey het gewen 17-10.

Of Roland net die storie opgemaak het, om 'n rede te hê om te kan hardloop, weet niemand tot vandag nie!

# Reën plaas nie 'n demper op gees by die swembad

**PHILLIP PRETORIUS**

Die nuwe skooljaar het, soos gewoontlik, met 'n dolle gejaag weggespring. Die Grey Gala, een van die groot hoogtepunte op Grey se sportkalender, is op 21 Januarie gehou by die skool se swembad, die Gustav Fichardt-swembad.

Vir die eerste twee weke van die jaar is daar hard voorberei vir optogte en om die inskrywings van al die deelnemers te finaliseer. Dit was ook die eerste geleentheid waar die nuwelinge in die skool kon kennis maak die tradisionele wedywering tussen Stad en Koshuis. Hulle het eerstehands met Grey se tradisies, Grey se sportmangees en Grey-manne se strewe om altyd hulle beste te lewer, te doen gekry.

Die toeskouers en leerders het beide Stad en Koshuis se kleurvolle optogte baie geniet. Met die ondersteuning wat Oranje aan Stad gegee het en Eunice aan Koshuis was groot geraas gemaak en was die gees ongelooflik. Na afloop van die optogte het 'n laat middag donderstorm uitgebreek en is die eerste items vir 'n kort tydjie uitgestel (ook tradisioneel vir 'n Grey Gala). Gelukkig het die reën redelik gou bedaar en kon die gala begin.

Alhoewel daar geen rekords opgestel is nie, het die Grey-swemmers hulle beste gegee en puik presteer. Dit maak nie saak of jy 'n ondersteuner was of 'n swemmer nie, elke Grey-seun het sy kant gebring en sonder ophou gesing om hulle spanmaats aan te moedig tot by die wenstreep. Aan die einde van die byeenkoms het Stad 354 punte gekry en Koshuis 203 punte. Die aflos-items, waaraan Oranje en Eunice deelgeneem het, het die Grey-manne op hulle voete gehad.

Grey het baie komplimente gekry van toeskouers oor hulle gedrag, hulle maniere, en hulle sportmanskap.









# Water polo tournament attracts the best

**CHRIS LOWE**

The week of 29-31 January 2015 saw the waters at the College come alive as Grey hosted 16 top schools in the country during the ITEC Water polo Tournament. In true College fashion this event proved to be yet another auspicious occasion and participating schools departed with unforgettable memories and friendships made.

Johan van Deventer, who captains the first water polo team, was full of praise for how the players conducted themselves in and out of the water, saying, "The highlight was most definitely our third game against Pearson. This result enabled us to finish in the top six in our group." At the end of the tournament Grey was placed 14th overall after facing Parktown Boys High, DHS, Wynberg, St. Davids and Pearson.

Rain and bad weather unfortunately troubled the waters toward the end of the day and play was stopped, resulting in Crawford College and Clifton to be crowned as the joint champions and sharing the trophy.

Mr Nico Venter, head of water polo, extended his and the school's heartfelt gratitude to the loyal sponsors who enabled them to host this grand event. Mr Venter says, "Our thanks must go to ITEC, Bloemsec, The Horizon Eye Institute, Lindsey Saker and Powerade. With the continued support and interest of these Bloemfontein businesses the wonderful sport of water polo is being developed and enjoyed by many players and parents alike."

Despite poor weather conditions this event was marked as an overall success on the Grey sporting calendar with tremendous sportsmanship shown as all the buses from visiting schools departed. Even though the results for the school can be improved upon, the standard of the competition will remain high. "There is no plan to invite weaker opponents," says Mr Venter.




**Juan Venter prepares to shoot.** **Photo: BJ Vorster**

# Bergfiets-wedren bemark dié sport

## *Gevorderde oefenprogram daarop gemik om SA se topskool bo te hou*

**HANRU BüHRMANN**

Grey Kollege was vroeg in Januarie vanjaar weer die gasheer vir die grootste bergfietsrywedren in die Vrystaat, hierdie keer op die nuwe bergfietsroete by Woodland Hills Landgoed.

Daar was in totaal 381 deelnemers tussen die ouderdomme van 5 en 75. Hulle het in drie kategorieë, naamlik 20km, 46km en 60km, deelgeneem. Grey se fietsryers het uitstekend gevaar en in veral die 46km-afdeling goed presteer. Daar behaal Francois Annandale (Gr 10) die eerste plek en Stefan Burger (Gr 11) die tweede plek. In die 60km-wedren het Rinus Maarsingh (Gr 11) 'n derde plek losgery.

Mnr Juan van der Berg, hoof van bergfietsry by Grey, droom groter. "Ons mikpunt is om volgende jaar meer as 600 deelnemers te betrek om sodoende Grey-bergfietsry nog verder te bemark en fietsryers met die beste wedren in die Vrystaat te trakteer!" Om hierdie ideaal te verwesenlik, sal dit noodsaaklik wees om groter borge te betrek om sodoende verdere groei te verseker.

Grey is tans die nommer eengekeurde bergfietsryskool in die land, met Paul Roos kort op ons hakke. Die ranglys word tydens die SPUR Anatomic-skolefinaal in Magaliesburg bepaal. Die deelnemende skole, wat ook skole van Namibië insluit, se vyf beste fietsryers se punte word opgetel en vergelyk. Grey Kollege het in 2014 met meer as 20 punte gewen. Dit was die skool se beste vertoning tot dusver.

Om op die kruin van die golf te bly, volg die bergfietsryers tans 'n gevorderde oefenprogram ten einde die nommer een-posisie te behou. Spangees is 'n groot deel van die wenresep. Mnr Juan van den Berg sê: "Ons hou by 'n resep waar jy deel van 'n Grey-span is en op mekaar se ondersteuning kan vertrou." Hy is ook van mening dat die goeie verhouding tussen die junior en senior bergfietsryers belangrik is om 'n goeie gees tussen die spanlede te skep.

Volgens mnr Van den Berg het Grey se bergfietsryers 'n lekker uitdagende jaar wat vir hulle voorlê, veral met die interskole by Paul Roos in Stellenbosch se berge. "Omdat Paul Roos skole bergfietsry die afgelope vyf jaar oorheers het, slyp hulle reeds hul tande vir ons interskole-ontmoeting in Augustus - ons kan nie wag nie!"




**Dan Reitz is hier in aksie by Grey se eie bergfietswedren, wat plaasgevind het by Woodland Hills Estate. Foto: BJ Vorster**

## results

### CRICKET
Grey High PE

**DAY 1**
Grey vs Glenwood High School
Grey batted first and made 191 for 9 in 65 overs.

| | |
|---|---|
| Wihan Victor | 55 |

Glenwood: 86/6 in 55 overs
*Result: Match drawn*

**DAY 2**
Grey vs Framesby High School
Framesby batted first and was all out for 110 runs.

| | |
|---|---|
| Charl Swanepoel | 3 for 6 |

Grey: 113 for 1

| | |
|---|---|
| Albert Potgieter | 54* |
| Janco Nel | 41* |

*Result: Grey won by 9 wickets*

**DAY 3**
Grey vs St Charles College
Grey batted first and made 276 for 4 in 50 overs.

| | |
|---|---|
| Wihan Victor | 135 |

St Charles: 75 all out

| | |
|---|---|
| Philip Visser | 4 for 4 |
| Faan Nel | 3 for 16 |

*Result: Grey won by 201 runs*

**DAY 4**
Grey vs Queens' College
Grey batted first and made 177 for 2 in 20 overs.

| | |
|---|---|
| Niel Durow | 82* |
| Raynard van Tonder | 60* |

Queens' College: 103 for 8

| | |
|---|---|
| Niel Durow | 3 for 12 |

*Result: Grey won by 74 runs*

# Feestoernooi in Port Elizabeth lê grondslag vir krieketjaar



**Wihan Victor is vanjaar die top-lopiemaker van die eerste krieketspan. Hy het tot dusver digby 800 lopies aangeteken. Foto: Jacques Schreuder**

**CHRISTOPHER SCHREUDER**

Grey Kollege se eerstespan het vroeg in Januarie aan die Grey High School se Krieket Feestoernooi in Port Elizabeth deelgeneem. Grey het die jaar uitstekend afgeskop deur onoorwonne by die feestoernooi weg te stap.

Ten spyte van een onbesliste wedstryd teen Glenwood, het hulle puik vertonings gelewer deur met Framesby (PE), St Charles en Queen's College af te reken. Daar het 14 skole aan die toernooi deelgeneem nl: Affies, Framesby, Grey, Selborne, St Charles, St John's (Harare), Queen's College, Durban High, Glenwood, Grey High, Somerset College, St John's (JHB), St Stithians en Woodridge College. Daar is drie verskillende formate gespeel nl. 2 verklaar, een 50 beurt- en een T20-wedstryd.

Barend de Klerk, die kaptein en openingsbouler, sê: "Positiwiteit speel 'n groot rol op die veld, omdat die oomblik wanneer die koppe sak, jy klaar verloor het. Die inkoop van al die spelers op die 'vibe' van die span maak op die ou einde die verskil tussen wen of verloor."

Wihan Victor, openingskolwer, was die eerstespan se gevaarlikste kolwer en het die meeste lopies aangeteken, naamlik 218 lopies in totaal. Wihan Victor sê: "Ek skryf my sukses toe aan harde werk en ondersteuning van my spanmaats."

Die eerstespan se boulaanval was ook witwarm op die feestoernooi. Hul het vir beide St Charles en Queen's vir onder 100 lopies uitgeboul, asook vir Framesby vir 112 lopies. Charl Swanepoel, draaibalbouler, sê: "Die boulers weet wat van hulle verwag word en boul goed in venootskappe. My spanmaats se veldwerk en volgehoue ondersteuning dra baie by tot 'n suksesvolle boulaanval."

Grey is nog steeds 'n kompeterende krieketskool wat week in en week uit goeie resultate behaal. Niël Durow, veelsydige speler, sê: "Harde werk word beloon en hier is soveel talent, so jy moet jou plek in die span verdien. *Hard work beats talent when talent doesn't work hard*."

Mnr André Bester, eerstespanafrigter, sê: "Die eerste krieketspan is baie goed gebalanseerd. Ons het deur die seisoen gewys dat ons in elke aspek - kolf, boul en veldwerk, een van die beste spanne in die land is. Die span is veral goed toegerus vir T20-krieket."

*Uitslae bo aan bladsy 11.*

# Sukses in Stellenbosch is soet vir tennisspelers

**EBERT WOHLITZ**

Die Gerrie Berner Tennis-toernooi, wat aangebied word deur Paul Roos, het plaasgevind vanaf die 18de tot die 22ste Februarie.

Dit is die tiende jaar wat die toernooi, wat vernoem is na Gerrie Berner, plaasvind. Gerrie Berner was vir baie jare lank die tennis-afrigter by Paul Roos Gimnasium.

Die organiseerders van die toernooi het dit hulle doel gemaak om die twaalf beste tennisskole in Suid-Afrika bymekaar te kry vir die toernooi. Grey het hul eerstespan saamgevat om deel te neem.

Die toernooi is gespeel op 'n rondomtalie-basis tussen die volgende skole: Affies, St Stithians, Paul Roos, Pretoria Boys High, Grey Kollege, Glenwood, Paarl Boys High, Clifton, Hoërskool Stellenbosch, Hoërskool Waterkloof, St Benedict's en Pearson High School.

Elke span bestaan uit 7 spelers, 'n bestuurder en 'n afrigter. 'n Totaal van nege mense en 'n groot totaal van 109 deelnemers.

Grey se span van 7 spelers het uitstekend gevaar en het groot deursettingsvermoë op die tennisbaan gewys.

Grey het gevorder na die semifinaal, waar hulle 5-3 teen St Stithians verloor het. Grey moes toe uitspeel vir 3de en 4de plek, waar hulle met 5-1 teen Pretoria Boys High gewen het. Grey verower uiteindelik 'n algehele 3de plek in die toernooi.

Mnr Naresh Mahabeer, hoof van tennis by die skool, sê die volgende: "Dit is dit veilig om te sê dat Grey een van die land se beste tennisspanne het en dat ons weer sal hoor van Grey se eerste tennisspan."




MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR NOODSENTRUM
0800 051 051

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

# SPORT

## bergfiets



Gewildheid van wedren neem toe

## water polo



Prestigious tournament still serves as an attraction for the best in SA

## rugby

Vete tussen Grey en Affies betree nuwe hoofstuk




Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · Maart / March 2015

# Swemspan bevestig gehalte tydens gala in Westville



Joshua Hamilton, o/14 borsslag-swemmer, is 'n staatmaker in die skool se swemspan. Foto: BJ Vorster

## Tweedeplek by aflosgala is maatstaf vir sukses

**HUGO RICHTER**

Vir die Grey-swemspan bly die Westville-gala altyd 'n hoogtepunt, omdat dit 'n maatstaf is om die standaard van Grey se swem teen ander groot swemskole in die land te meet. Hierdie jaar was geen uitsondering nie. Die 28 swemmers het reeds Donderdag, 5 Februarie, na Durban vertrek, om die volgende dag hulle beste te kon lewer.

Die swemspan het tuisgegaan in die Garden Court Marine Parade Hotel in Durban, wat 'n uitstekende ontbyt verskaf het en wat volgens me Helene du Toit, hoof van Grey se swem, baie belangrik vir swemmers was wat die aand aan die gala moes deelneem.

Omdat die Westville-gala slegs 'n aflosgala is, waar al vier slae as aflosse geswem word, ook die medley-aflos in elke ouderdomsgroep (onder 14, 15, 16, 17 en 19), toets dit duidelik die diepte van die skool se swemspan.

Grey was hierdie jaar weer tweede naas Westville, wat die sterkste swemskool in Suid-Afrika is.

Die o/14's het die kruipslagrekord verbeter, terwyl die o/15's die kruipslag- en die borsslagrekord gebreek het. Daar staan nou vier Grey-rekords op die Westville-boeke. Trouens, Grey was die enigste skool wat hierdie jaar rekords verbeter het.

Me du Toit sê: "Dit was baie lekker toe ons vir Westville in die leeraflos geklop het." Saterdag het die swemmers welverdiend by *UShaka Marine World* ontspan.

Al die swemmers het nie aan Sondag se Midmarmyl deelgeneem nie, omdat alle swemmers nie langafstande swem nie. Diegene wat wel deelgeneem het, was baie tevrede met hulle tye en is dit eens dat dit elke keer 'n onvergeetlike ervaring is. Dian Schoonees, graad 11-swemmer, sê: "Dit was een van die lekkerste toere waarop ek al was. Die son het geskyn en die water was rustig."

Die dam is egter nooit dieselfde nie- as dit min gereën het, is die dam leër en as die wind waai, is die golwe hoër en die strome sterker. Grey se seuns neem in twee groepe deel: onder 14 en 14-30 jaar.

Me du Toit meen die gees onder die groep was hierdie jaar uitsonderlik.

## sport kalender

**2015**
**TWEEDE KWARTAAL SPORTBEPALINGS**

**16-18 April**
SOKKER
Waterstone Toernooi

**25-27 April**
RUGBY
Wildeklawer in Kimberley

**1-2 Mei**
INTERSKOLE
Paarl Boys High in Bloemfontein

**8-9 Mei**
INTERSKOLE
Affies in Bloemfontein

**15-16 Mei**
INTERSKOLE
Selborne in Oos Londen

**18-22 Mei**
GHOLF
SA Country Districts

**21-24 Mei**
TENNIS
Kearsney Toernooi in Durban

**5-7 Julie**
SOKKER
Engen Knockout Challenge

**31 Julie-1 Augustus**
INTERSKOLE
Grey High in Bloemfontein

**7-8 Augustus**
INTERSKOLE
Maritzburg College in Pietermaritzburg

**7-9 Augustus**
SOKKER
St Davids Toernooi in Johannesburg

**14-15 Augustus**
INTERSKOLE
Glenwood in Bloemfontein

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Clover
Way Better
Official sponsor of Grey Rugby

LET 1LIFE HELP SECURE YOUR FAMILY'S FUTURE WITH A BALANCED FINANCIAL PLAN, TAILORED TO YOUR NEEDS AND BUDGET.

**SMS 'LIFE'** to **43867**** and we will call you back, or **visit www.1Life.co.za** for an online quote and more information on Life, Dread & Disability cover. **Std SMS rates apply.

*Risk profile dependent. Terms and conditions apply. 1Life Insurance Limited is an authorised financial services provider (FSP licence number 24769). 1Life Changing Lives is a trademark of 1Life Insurance Limited.

1Life
Changing Lives

vivid designs 082 576 3143